## VAN STAMVERWANTE BODEM

Op 12 November 1612 het die Landdag van die gewes Groningen besluit dat *opgericht sal worden een Provintiael Collegium,* m.a.w. 'n universiteit waaraan vyf professore verbind sou wees om lesings te gee *in Theologia, Jurisprudentia, Medicina, Historijs, Philosophia en Mathematica.* Hierdie besluit was die begin van die Ryksuniversiteit van Groningen, 'n akademie waaraan o.m. ook 'n aantal studente van ons land in die komende eeue hul akademiese vorm geheel of gedeeltelik sou ontvang. Hierdie universiteit gedenk vanjaar sy 350-jarige bestaan. Onder meer is 'n gedenkpenning ontwerp met die randskrif *Academia Groningana* waarop die hoofgebou van die jubilerende universiteit, die universiteitswapen en die jaartalle 1614 en 1964 afgebeeld is.

'n Paar maande gelede het 'n bekende oud-hoogleraar van die genoemde universiteit, *prof. dr. Albert Egges van Giffen,* die grondlêer van die moderne wetenskaplike terpe-ondersoek in Nederland, sy tagtigste verjaardag herdenk. In ongeveer 180 publikasies, waarvan ruim twintig tydens die afgelope tien jaar geskryf is, het prof. Van Giffen sy bevindings neergelê. Prof. Van Giffen het ook bekendheid verwerf in verband met die Romeinse en Middeleeuse argeologie in Nederland.

Bekende akademici wat Nederland tydens die afgelope jaar ontval het, is o.m. prof. dr. J. J. Koopmans (Kampen), prof. H. Bremekamp (Delft), prof. ing. B. van den Burg (Wageningen), prof. dr. G. G. Kloeke (Leiden), prof. dr. Brillenburg Wurth (Kampen) en prof. dr. A. W. de Groot (Utrecht).

Vanjaar is dit 'n kwarteeu gelede dat die Tweede Wêreldoorlog ontbrand het. Nog steeds is heropbouwerksaamhede in verskillende lande in Europa aan die gang. In Duitsland (Bondsrepubliek) is van die 4,700 groter brûe wat toentertyd verniel is, tans ruim 4,200 herstel en 420 weer voorlopig bruikbaar gemaak. In die tydskrif *Deutschland Revue* (nr. 3, 1963), is die heropbou van die Beierse Nasionale Teater (München) uitvoerig beskryf. Hierdie gebou is in 1943 verwoes en onlangs weer in gebruik geneem.

'n Lesenswaardige bydrae oor *Jacob van Neck,* die leier van die tweede vloot wat van Nederland om die Kaap na die Verre Ooste geseil het (1598), kom in *Ons Amsterdam* (jg. 16, nr. 3, Maart 1964) van die hand van *B. Ram* voor. In 1622 was Van Neck een van die vier burgemeesters van Amsterdam om later lid van die Raad van State (Staatsraad) van die Republiek en lid van die Amsterdamse Admiraliteit te word.

*P. J. Risseeuw* het, na aanleiding van sy resente boek *Zover de wereld reikt,* 'n gedeelte van die stof vir skoolgebruik verwerk. In die eerste deeltjie is twee hoofstukkies aan ons land gewy, t.w. oor *Jan van Riebeeck* en oor *'n reis deur die Republiek.* In laasgenoemde hoofstuk kom o.m. 'n beskrywing van die Voortrekkermonument voor. Die verteltrant is boeiend en ons wens die skrywer veel sukses met hierdie uitgawe toe. Die boekies sal ook hul deel daartoe bydra dat die Nederlandse skoolkind 'n duideliker beeld van ons land en volk in die verlede en die hede sal verkry. Die werkie het by die uitgewery *Bosch en Keuning* (Baarn) verskyn.

In *Bulletin van het Rijksmuseum* (jg. II, afl. 4, 1963), kom 'n waarderende bydrae deur *dr. A. van Schendel* voor oor die belangrike werksaamhede wat deur *Theo Lunsingh Scheurleer,* sedert die begin van vanjaar hoogleraar in kunsgeskiedenis aan die Universiteit van Leiden, van 1943-1964 in die Ryksmuseum verrig is.

*Gids voor de kunst in België* deur *B. Lemaire, G. Gepts, Ph. D'Arschot, e.a.,* is 'n besonder welkom publikasie wat met geldelike steun van die kommissie, belas met die uitvoering van die kulturele ooreenkoms tussen België en Nederland, tot

stand gekom het. Saam met 'n soortgelyke publikasie oor Nederland (*Prismaboek* 500), gee hierdie twee goed geïllustreerde en vakkundig hoogstaande uitgawes, 'n volledige beeld oor die ontwikkeling van die bou- en beeldhoukuns, die skilderkuns, die prentkuns en die toegepaste kunste in die voormalige Lae Lande. Gegewens in verband met museums en stedeskoon verhoog die waarde van hierdie *Prismaboek* (nr. 850) nog meer.

In *Kl. Sierksma* se *Prisma-toeristengids Groningen-Friesland-Drente* (*Prismaboek* 924) is 'n groot hoeveelheid leesstof (geskiedkundig, kultureel, toeristies) op oorsigtelike wyse verwerk. Aardrykskundig en topografies beskou, kan hierdie werkie (220 bl.) ook as geslaag beskou word. Hierdie voorbeeld kan in ons eie land met vrug nagevolg word.

Ten slotte noem ons *Geschiedenis van de Kerk in Nederland* (*Aulareeks* 100) van dieselfde uitgewersbedryf, opgestel deur deskundiges soos *dr. A. G. Weiler, dr. O. J. de Jong, prof. dr. L. J. Rogier* en *prof. dr. C. W. Mönnich* (tweede druk, 345 bl., register), 'n werk wat 'n uitvoerige bespreking verdien. In verband met die Kerkhervorming in Nederland, vestig ons die aandag op die bespreking van die oorsake van die verset wat tot die Tagtigjarige Oorlog gelei het. Hier en daar kan in ons geskiedenishandboeke vir hoërskole in dié verband aangevul word.

Dr. Jan Ploeger.

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

*De Launay*: Geheime Diplomatie. De strijd achter de schermen in de Tweede Wereldoorlog. (Vert.: Secrets diplomatiques 1939-1945), pp. 135, met afb., N. V. Brepols, Brussel, 1963.

*Fyfe, Christopher*: Sierra Leone Inheritance, pp. XI, 352, 35/-, Oxford University Press, 1964.

*Lloyd, Alan*: The Drums of Kumasi. The Story of the Ashanti Wars, pp. 208, R2-70, Longmans, Londen, 1964.

*Odegard, Peter H.*: American Government, pp. XVII, 617, $4.75, Harper and Row, New York, 1962.

*Odegard, Peter H. and Baerwald, Hans H.*: The American Republic. Its Government and Politics, pp. XII, 851, $8.50, Harper and Row, New York, 1964.